## * HAP-EN-TRAP met "JUMBO SALE" en TEETUIN *

'n Heerlike geleentheid om na uit te sien! Op Saterdag 28 Mei 08:00 tot 12:00 kuier ons lekker saam in die kerksaal! Daar gaan allerlei gebruikte goedere te koop aangebied word. Ook klere en beddegoed. Nooi almal uit om te kom inloer! Daar's ook 'n teetuin met heerlike drinkgoed, skywe koek of tert en soutigheid—net vir R20! Allerlei Hap-en-Trap eetgoed word ook verkoop: pannekoek(R4), hamburgers(R15), Kerrie Vetkoeke(R10) en basaarpoeding(R10). Kom kuier saam en geniet die heerlike eetgoed. Ons gemeente het hierdie fondsinsameling nodig om ons begroting te laat klop!

**Hoe kan jy help?**

⇒ Ons het hande nodig om te help verkoop.

⇒ Ons benodig mense om Vrydag die items te help merk.

⇒ Ons het bydraes van tweedehandse klere, beddegoed, en alle ander wit olifante dringend nodig. Bring jou bydraes Vrydag vanaf 08:00 na die saal.

⇒ Ons het ook koekmeel, kookolie, suiker, poedings en uie nodig. Gee af by ds Danie of die kerkkantoor.

⇒ Vertel vir almal wat jy mee praat van hierdie geleentheid en moedig mekaar aan om hierdie Saterdag by die kerk te eet en nie elders kitsetes te koop of koffie te drink nie

⇒ Bring jou vriende en kom kuier saam!

⇒ Sê ook vir jou tuinhulp en huishulp van die Jumbo Sale.



© Can Stock Photo - csp17044060



ONS EER GOD MET LIEFDEVOLLE OMSIEN EN UITREIK

# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 24 April 2016**

HE LIVES!

*"So staan daar geskrywe: 'Die Christus moet ly en op die derde en in sy Naam moet bekering en vergewing van sondes aan al die nasies verkondig word, van Jerusalem af en verder".* Lukas 24:46-47

## PROGRAM VIR VANDAG

**DEUROFFER:** Spesiale offer vir Kinderkerk.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 gaan na die kinderoomblik na die Kinderkerk in die saal. Gr 7-8 se kategese is na die diens in die saal. Gr 9 kategese soos deur ds André gereël. Gr 10 Woensdag om 18:00 by ds Robert. Gr 11 vergader 18:00 by ds Danie.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee sal u graag na die diens voor die kansel wil ontmoet.

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENS:** Om 09:00 in die kerkgebou (ds Danie) en op Vleesbaai (Ds André).
*Geen Kinderkerk en Kategese a.g.v. langnaweek. Ds Robert is die naweek af.*

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Studentebearbeiding.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos gewoonlik. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.



Ds Danie: Maandag om 15:00 in Santos 2 se sitkamer.
Dinsdag om 09:30 in die konsistorie.

Ds André: Dinsdag om 09:30 Bybelstudie in die kerksaal.
Woensdag om 18:30 selgroep by Bolandpark.

Ds Robert: Dinsdag om 09:00 Bybelstudie te 17de Laan pastorie en om 19:00 Tienie Bothastr, huis van Annie van Zyl. Donderdag om 09:00 Rietvlei en Vleesbaai Bybelstudie en Boekleesgroep19:00 te 17e Ln 18.

**Dinsdag:** Gebedsbyeenkoms om 17:15 in die konsistorie. Almal welkom.

**Woensdag:** Santos Haven Biduur om 15:30 (ds André).

**Donderdag:** Om 06:00 bid die manne saam in die kerksaal (onder verhoog).

***SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker filterkoffie en tee word weer na die diens in die kerksaal bedien. Kom kuier gesellig saam en leer ken mekaar.*

## BELANGRIKE INFO

**PERSKES VIR BOTSWANA UITREIK:** Daar is nog geskilde perskes vir R80 p/ kg beskikbaar en ongeskilde perskes vir R60/kg. Dis ook in pakkies van 500g en 250g beskikbaar. Kry by die kerk-kantoor of by ds Robert(buite kantoorure).

**DEURKOLLEKTE:** Sinodale offer vir Middestad Evangelisasie was R 1 924.

**BESTUURSKERKRAAD:** Vergader om 18:00 op Donderdag 28 April in die kerksaal. Die Finansiële state moet goedgekeur word vir die Ringsitting.

**PINKSTER 2016:** Ons Pinksterbidure begin DV op Sondag 8 Mei. Programme vir die 3 lokale sal volgende Sondag geplaas word. Ons Hemelvaartdiens is op Donderdag, 5 Mei om 18:00. Laerskool Park se diens is om 07:45.

**VLEESBAAI:** Onthou Vleesbaai se eredienste begin vanaf 1 Mei om **09:30**




**TIENERS:** Onthou Sondagaand van 18:00-20:00 in die gat onder die verhoog in die kerksaal. Daar is al 'n mooi klompie tieners wat heerlik saamkuier. Kom gerus en bring 'n maat as jy wil!

**OESMAAND KOSKAS:** APRIL is **Streek A** en MEI **Streek B** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of u kerkraadslid afgegee word. Navrae Joey (073 2988 142).

**VOORSKOOLSE KLEUTERS:** En hulle ouers, is baie welkom na die erediens in die konsistorie vir 'n kort saamkuier geleentheid.



Kontak gerus vir Elize Nel (083 554 8188) vir navrae.

**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:
Annatjie en Pierre Scott Santos Haven, Alfred Nielson Omicronstr, Gloudine van Niekerk Protea-aftreeoord, John Darlew 17de Ln; dogter van Nellie Lodewyk Heidevilla, Willem Koekemoer, vroeër van ons gemeente, is ook baie ernstig siek.

**STERFTES:** Abri Benade van Disastraat Boggomsbaai. Bid asb vir sy vrou Daleen en dogters Tanya en Zandri. Suster van Johan Lourens Oceanview w/stelle; Susan Fourie.



## GEBEDSBULLETIN

### *Tema vir April: Herlewing in ons dorp en land*

*Daar is nie so iets soos 'n herlewing sonder trane van oortuiging en berou nie. Herlewing gaan oor persoonlike heiligheid. (Revival, a people saturated with God deur Brian H. Edwards).*

**Dank die Here hierdie week vir:**

⇒ ons dorp se gunstige situasie tov water (stand van die damme)

⇒ die nuwe lewe wat Hy aan ons geskenk het ogv die opstanding

⇒ die wete dat die wêreld en alles en almal aan Hom behoort; Hy is steeds in beheer - tsv talle negatiewe gebeure wêreldwyd

⇒ onderlinge sorg van baie lidmate

⇒ die positiewe rol wat die kinderkerk in die kinders se lewens speel

⇒ ons gebedsbyeenkomste (die mans groep op Donderdae groei)

**Bid hierdie week vir:**

⇒ Herlewing in ons dorp - redding van misdadigers, die plaaslike jeuggevangenis, skole, tehuise, werksplekke. Bid vir eenheid in die liggaam van die Here

⇒ Die Karoo Mighty men byeenkoms volgende naweek - dat mense die Here daar op besondere manier sal leer ken.

⇒ Die naderende Pinkster (kerkgebou, Vleesbaai, Santos Haven, Laerskool Park, Kenani)

⇒ Vryheidsdag vieringe asook vir ons land en sy mense. Bid vir herlewing en dat leiers en burgers 'n persoonlike ontmoeting met die Here sal hê.

⇒ Die groep tieners wat Sondagaande in die gat (saal) bymekaarkom.

## *Bankbesonderhede:*

*Dankoffers: Absa Mosselbaai, 207 058 0031*

*Geloofsoffers: Absa Mosselbaai, 207 016 7886*